LES 20 DAAR IS LEWE NA DIE DOOD

DOEL: Om kinders te laat verstaan dat om dood te gaan nie die einde van ons lewens is nie, maar die begin van nuwe lewe.

HULPMIDDELS:

⇒ Glittergom, lint en skryfbehoeftes vir versiering

⇒ Pypskoonmakers en fyn draad vir versiering

⇒ Skoon papier en verf met kwassies

⇒ Koerantpapier of plastiek om op te werk

⇒ Kopieë van die uitdeelstukke

INLEIDING:

Gee die groep kans om in 2 spanne (kolle en kruisies) te speel. Gebruik gelukkige en ongelukkige gesiggies en gee genoeg vir elke groep om 1 speletjie te voltooi. *(Uitdrukstuk)* Daar hoef nie noodwendig 'n wenner te wees nie. Vra hierna vir die kinders wie voel vandag gelukkig en wie voel hartseer. Vandag gaan ons in die Bybel 'n hartseer deel van Jakob se storie lees.

TEKS: Gen 49:29 – 50:6 (Die Bybel@kids) *Jakob het vir sy seuns gesê: "My oupa Abraham het 'n stuk grond naby Hebron gekoop. Op die grond is daar 'n grot. Dit is ons familiegraf. Wanneer ek doodgaan, moet julle my daar gaan begrawe. Abraham, Sara, Isak en Rebekka is daar begrawe. Ek het ook vir Lea daar begrawe." Toe Jakob klaar gepraat het, het hy gaan lê. Hy het sy laaste asem uitgeblaas. Jakob was dood. Josef het oor sy pa gebuk, hom gesoen en begin huil. Hy het die dokters wat vir hom gewerk het gevra om sy pa se lyk te behandel sodat dit nie begin vergaan nie. Daarmee was die Egiptiese dokters baie goed. Dit het bietjie meer as 'n maand gevat om Jakob se lyk te behandel. Intussen het die mense oral in Egipte oor Jakob se dood gehuil. Hulle het twee maande lank getreur. Daarna het Josef vir die koning gesê: "Ek het my pa belowe dat ek hom in Kanaän sal gaan begrawe wanneer hy sterf. Ons familiegraf is daar. Mag ek asseblief maar gaan? Ek sal gou weer terugkom." Die koning het gesê: "Jy kan maar gaan en maak soos jy jou pa belowe het."*

LES:

Ons het vanjaar die hele verhaal van Jakob gevolg. Ja, van sy geboorte saam met sy tweelingbroer Esau tot met sy dood in Egipte. (*Vir kinders is dit baie keer moeilik om te weet hoe om oor die dood te dink. Ons voorstel is dat jy die lewensiklus van die skoenlapper gebruik om aan die kinders die idee oor te dra dat die dood nie die einde van 'n pad is nie, maar die begin van 'n nuwe lewe. 'n Nuwe lewe wat mooi en wonderlik sal wees, soos die skoenlapperfase.)*

Wys vir die kinders die prentjie van die lewensiklus van die skoenlapper, maar laat hulle vir jou vertel wat dit is. (Die graad 3's en ouer behoort te weet).

Vra vir hulle hoekom dit nie die lewensiklus van die ruspe of van die papie of van die eier genoem word nie? Nee, die belangrikste fase is die skoenlapperfase, want dit is wat dit regtig is.

Net so is die fase waar ons in die hemel gaan wees ook die belangrikste fase van ons lewe. Wie ons gaan wees as ons in die hemel is, is eintlik wie ons is.

Jy kan vir die kinders die volgende ware verhaal vertel:

'n Seuntjie was baie lief vir skoenlappers en het vir hom 'n hok by sy huis gebou. Hy het vir hom 'n paar skoenlapper eiers by 'n skoenlapper versamelaar gekoop en kon nie wag vir die ruspe-fase nie. Toe die eerste ruspertjies gebore is, het hy hulle mooi grootgemaak en gereeld sagte blare gegee. Hy was baie opgewonde toe die eerste ruspe in 'n papie verander, maar dit was vir hom 'n baie slegte fase. Dit was so vervelig, want die papies het niks beweeg nie en hy kon ook nie sien of iets verander nie. Groot was sy opgewondenheid toe die eerste papie begin beweeg het. Hy het die hele dag in sy hok sit en kyk hoe die papie oopbars en die skoenlapper stadig maar seker deur die bars uit die papie kom. Na 'n paar uur was dit nog net die vlerke wat moes uit. Die seuntjie kon nie langer wag nie en het die papiedop oopgedruk sodat die skoenlapper se vlerkies kon uitkom.

Deur die nag het nog 'n paar skoenlappers uitgekom. Tot sy verbasing het almal heerlik rondgevlieg behalwe die eerste een. Hy het net daar gesit en kon glad nie vlieg nie. Toe hy google oor wat die oorsaak kan wees, het hy tot sy ontsteltenis gelees dat die skoenlapper se vlerke nie vasgesit het nie, maar dat dit 'n baie belangrike fase is waar die papiedop die vog uit die skoenlapper vlerk druk sodat dit droog kan word om te vlieg.

Die dood is ook so 'n papie tyd waardeur ons en al ons geliefdes moet gaan om in die hemel te kom. Ons is baie keer bang vir die dood, want dis 'n onbekende tyd en dis vir ons sleg. Dis egter iets waardeur ons almal moet gaan om ons voor te berei vir die nuwe lewe wat kom. Dis soos 'n deur waardeur ons moet loop. Die wonderlike is egter dat ons nie alleen is as ons met die dood te doen kry nie. Jesus is die hele tyd by ons, want Hy het belowe dat Hy by ons sal bly tot in die hemel.

Anders as die fase van die skoenlapper kom ons nie weer terug aarde toe nie, maar is die hemel-fase iets wat vir ewig duur.

AKTIWITEIT 1: Jy kan die skoenlapper uitdeelstuk vergroot en dupliseer. Die kinders kan dit inkleur en huis toe neem.

AKTIWITEIT 2: *(Om vir die kinders te laat beleef dat die vlieg-fase wat ons vergelyk met die hemel-fase die lekkerste is en nie iets om om voor bang te wees nie.)*
Laat almal op hulle maag lê met hulle hande langs hulle sye. Laat hulle soos wurms "wiggle" van die een kant van die vertrek na die ander kant. Laat hulle nou dieselfde afstand hardloop. Vra vir hulle wat die maklikste was. Laat hulle nou groepies van drie maak en een tussen die ander twee hang. Laat die twee die een dra sodat die een in die middel die gevoel van vlieg kry. Herhaal dit sodat al 3 'n kans kry. Vra vir hulle wat was nou die maklikste.

AKTIWITEIT 3: Hierdie aktiwiteit kan met die hele groep gedoen word, of jy as leier kan dit as 'n voorbeeld vir die groep doen. Neem 'n A4 wit papier en vou dubbeld en skryf in die middel van die vou die hartseer goed neer van doodgaan. Neem nou swart verf en drup 'n streep verf in die middel van die bladsy. Vou die bladsy in die middel deur en vryf die papier lekker styf, dit versprei die swart verf bo oor die geskryfde woorde.
Vou die bladsy oop en laat die groep nou die blymaak dinge van doodgaan vir jou sê en skryf dit op die regterkant van die bladsy langs die swart geverfde deel. Drup nou helder kleure verfkolle op die woorde in, vou die papier weer dubbeld en vryf met jou vingers patrone op die buitekant van die papier. Hierdie vryf proses pas aan by die uitkom van die vlerke van die skoenlapper. Vou dit dadelik oop. Soos wat jy dit dan oopvou, vorm dit 'n mooi skoenlapper, wat aanpas by die les.

AFSLUITING: Sluit af met gebed.